# GRAAD 6 & 7 HT

# TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

DEUR JUANITA NADEL (LAERSKOOL WELGEMOED)

**Vraag 1**

Lees die twee dele van 'n artikel wat in *Hoezit* (Februarie 2011) verskyn het deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**Springmielies**

Die Indiane van Noord-Amerika het duisende jare gelede springmielies ontdek. Hulle het die Britte, wat na Amerika in die 16de en 17de eeu gereis het, geleer om springmielies te maak.

Gedurende die Groot Depressie is 'n pakkie springmielies vir 5 tot 10 sent verkoop. <u>Ander besighede moes hul deure sluit in dié moeilike jare, maar mielieboere wat gesukkel het, kon 'n ekstra geldjie verdien met springmielies en só het die springmieliebedryf geblom</u>.

Ons kry twee springmielievorms: die "skoenlapper" wat "vlerkies" het en die "sampioen" wat soos 'n balletjie lyk.



1.1 Die Indiane het duisende jare gelede springmielies ontdek.
Skryf die volgende neer:

a) Wat is die onderwerp van die sin? (1)
b) Wat is die voorwerp van die sin? (1)
c) Wat is die gesegde van die sin? (1)
d) Is die bepaling in die sin bywoordelik of byvoeglik? (1)
e) Skryf die bepaling hier neer. (1)

1.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Die Indiane het hul (ontdek) met die Britte gedeel. (1)

1.3 Wat is die funksie van die kommas in die onderstreepte sin? (2)

1.4 Gee die meervoud van **springmieliebedryf**. (1)

1.5 Gee die verkleining van **deure**. (1)

1.6 Soek die sinoniem van **tydens**. (1)

1.7 Verduidelik die funksie van die **dubbelpunt** in die laaste sin. (1)

**Coca-Cola**

Oorspronklik was **dié** koeldrank 'n soort wyn met die naam Pemberton's French Wine Coca. Later het John Pemberton, die uitvinder, die drankie aangepas en toe is Coca-Cola gebore. Pemberton het geglo dat Coca-Cola sooibrand, **hoofpyn** en **stres** kon verlig!

Die **resep** van die oorspronklike bestanddele in Coca-Cola bly egter 'n geheim en die oorspronklike kopie van die formule word in die Sun Trust Bank se kluis in Atlanta, Amerika gehou. Blykbaar is daar net twee mense wat toegang tot die resep het en elkeen het net die helfte daarvan!




1.8 Benoem en gee die rede vir die gebruik van die skryfteken in **dié**. (2)

1.9 Gee die antoniem vir **nagemaakte**. (1)

1.10 Benoem die tipe selfstandige naamwoorde:
- a) hoofpyn (1)
- b) stres (1)

1.11 Gee die meervoud en verkleining van **resep**. (2)

1.12 Gee die persoonsnaam vir die woorde tussen hakies.
(Die mense in Amerika) is lief vir Coca-Cola. (1)
**[20]**

## Vraag 2

Lees 'n deel van 'n artikel uit *Huisgenoot* (22 Oktober 2009) deur en beantwoord die vrae.

Grom jou maag teen eerste pouse omdat jy te haastig was om ontbyt te eet? Koop jy dan iets by die snoepie – dalk 'n pastei of 'n pakkie skyfies? Sluk jy dit met 'n lekker blikkie gaskoeldrank af?

Is daar allerly lekkergoed en gevriesde pizza's by julle huis, maar daar is niks vrugte en groente in die yskas nie?

As dit vir jou bekend klink, is dit tyd dat jy gesonder eet. (Pouse is laat vir die gr. 7's by Kenridge, so eet asseblief 'n goeie ontbyt.)



2.1 Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies.
- a) Ontbyt is die (belangrik) ete van die dag. (1)
- b) Pak eerder (voedsaam) kos in jou kosblik, as geld vir skyfies of 'n pastei. (1)

2.2 Gee een woord vir die woorde tussen hakies.
- a) Jy moenie (eet + tyd) oorslaan nie. (1)
- b) Tieners moet (in die oggend) ontbyt eet. (1)
- c) (Pasteie, skyfies) is nie gesond nie. (1)

2.3 Voltooi die volgende idioom: Hy is so honger soos 'n _____. (1)

2.4 Skryf enige DRIE selfstandige werkwoorde uit die teks neer. (3)

2.5 Skryf 'n koppelwerkwoord uit die teks neer. (1)

2.6 Skryf 'n infinitief uit die teks neer. (1)

2.7 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd: Ek sluk dit af met gaskoeldrank. (2)

2.8 Skryf die volgende sin in die toekomende tyd. Dit is goed dat jy gesonder eet. (2)

2.9 Sê of die werkwoord oorganklik of onoorganklik is: My maag grom kliphard. (1)

2.10 Benoem die skryfteken in **7's** en verduidelik die funksie. (2)

2.11 Wat beteken dit as **jou maag grom**? (1)

2.12 Soek die spelfout in paragraaf 2 en skryf die korrekte spelling van die woord neer. (1)
**[20]**

## Vraag 3

Lees die deel van 'n artikel uit *Hoezit* (Februarie 2012) deur en doen dan die vrae.

**Valentynsdag in die vreemde**

Italianers vier Valentynsdag deur 'n klein sjokolade-hartjie gevul met haselneut vir mekaar te gee. Dit word Baci Perugina genoem. Jy moet ook jou romantiese kant wys, want 'n liefdesgediggie in vier tale moet saam met die sjokolade uitgedeel word.

In Japan gee meisies vir ouens sjokolade op Valentynsdag (14 Februarie), maar 'n maand later op 14 Maart moet die ouens weer vir die meisies wit sjokolade of juweliersware gee. Dit word die "Wit Dag" genoem.



3.1 Deel die woord **liefdesgediggie** eers op in lettergrepe en dan in klankgrepe. (2)

3.2 Benoem die dele van die volgende enkelvoudige sin:
Die kêrel gee vir sy meisie blomme op Valentynsdag.
a) Die kêrel (1)
b) gee (1)
c) vir sy meisie (1)
d) blomme (1)
e) op Valentynsdag (1)

3.3 Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd:
Seuns het liefdesgediggies saam met die sjokolade uitgedeel. (1)

3.4 Skryf die sin oor in die verlede tyd:
Jy moet ook jou romantiese kant wys. (1)

3.5 Skryf die volgende woorde in die korrekte alfabetiese volgorde neer:
moet, maand, meisies, maar, mekaar (1)
**[10]**
**TOTAAL: 50**

## *Taalstrukture en -konvensies – Graad 6 & 7 HT, Juanita Nadel (bl. 56)*

**Vraag 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | a) Die Indiane | (1) |
| | b) springmielies | (1) |
| | c) het ontdek | (1) |
| | d) bywoordelik | (1) |
| | e) duisende jare gelede | (1) |
| 1.2 | ontdekking | (1) |
| 1.3 | Daar is ’n komma voor maar (voegwoord). Daar word ekstra inligting gegee (parentese). | (2) |
| 1.4 | springmieliebedrywe | (1) |
| 1.5 | deurtjies | (1) |
| 1.6 | gedurende | (1) |
| 1.7 | Ná die dubbelpunt volg ’n verduideliking van wat voor die dubbelpunt staan, naamlik al die soorte springmielies. | (1) |
| 1.8 | Akuut. Dit beklemtoon die spesifieke koeldrank. | (1) |
| 1.9 | oorspronklike | (1) |
| 1.10 | a) soortnaam | (1) |
| | b) abstrakte selfstandige naamwoord | (1) |
| 1.11 | resepte, reseppie | (2) |
| 1.12 | Amerikaners | (1) |
| | | **[20]** |

**Vraag 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | a) belangrikste | (1) |
| | b) voedsame | (1) |
| 2.2 | a) etenstyd | (1) |
| | b) soggens | (1) |
| | c) Kitskos (Hoofletter, want dit is aan die begin van die sin.) | (1) |
| 2.3 | wolf | (1) |
| 2.4 | Enige DRIE: grom, eet, koop, sluk, drink | (3) |
| 2.5 | is/was | (1) |
| 2.6 | om te eet | (1) |
| 2.7 | Ek het dit met gaskoeldrank afgesluk. | (2) |
| 2.8 | Dit sal goed wees as jy gesonder eet. | (2) |
| 2.9 | onoorganklik | (1) |
| 2.10 | afkappingsteken; syfers kry in die meervoud en verkleining ’n afkappings s | (2) |
| 2.11 | Jy is baie/rasend/geweldig honger. | (1) |
| 2.12 | allerly moet allerlei wees. | (1) |
| | | **[20]** |

**Vraag 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | lettergrepe: lief-des-ge-dig-gie | |
| | klankgrepe: lief-des-ge-di-gie | (2) |
| 3.2 | a) Die kêrel: onderwerp | (1) |
| | b) gee: werkwoord | (1) |
| | c) vir sy meisie: indirekte voorwerp | (1) |
| | d) blomme: (direkte) voorwerp | (1) |
| | e) op Valentynsdag: bywoordelike bepaling (van tyd) | (1) |
| 3.3 | Seuns deel liefdesgediggies saam met die sjokolade uit. | (1) |
| 3.4 | Jy moes jou romantiese kant wys. | (1) |
| 3.5 | maand, maar, meisies, mekaar, moet | (1) |
| | | **[10]** |